# DIE SKIETLOOD



SKIETLOOD: 69e Uitgawe 7 Augustus 2015
saam met Koersvas 69

Die verhouding tussen Christelike Vereniging en die gemeente moet vanuit verskillende perspektiewe deurdink word. In hierdie gedeelte word enkele sake deur Professor Pont uitgelig.

**OOR DIE KERKORDE**. Enkele opmerkings na aanleiding van mnr JH Greyling van Oshakati se skrywe .

1. Die Begrip Kerk.

Dit was Martin Luther wat gesê het dat die woordjie kerk meer betekenisse het as enige ander woord! As die grondbetekenis in ag geneem word, beteken kerk: "dit wat aan die Here behoort" want die kerk is ’n geloofsgemeenskap - Ef. 4:4–6. Omdat "kerk" God se eiendom is, met ander woorde voldonge feit, kan mens sê dat die kerk is, dit kan nie "gestig" word nie. Om dit nog anders te stel, daar waar gelowiges versamel, is dit God se eiendom wat byeenkom, en dit is "kerk". In hierdie sin van die woord is die Bondsgemeentes ’n kerk en hoef hulle nie nog ’n kerk te "stig" nie. Die Hollandse teoloog J Koopmans het (in Afrikaans vertaal) gestel: "Die eenheid met Christus gaan die eenheid in die geloof vooraf. Die eenheid in die geloof gaan die eenheid van organisasie vooraf". Tog is die teken van eenheid die eenheid in geloof wat sigbaar word deur die eenheid van organisasie en dit word op sy beurt omskryf deur ’n kerkorde.

Nou het die Bondsvergaderings van 2013 en 2014 (as ek reg is) die laaste uitgawe van die Kerkorde van die NHKA ’n 2010 as ’n voorlopige orde aanvaar. Miskien is dit daarom dat die Bondsgemeentes hulleself nog nie as ’n kerk beskryf nie omdat daar nog aan ’n eie kerkorde gewerk word. Maar as dit gesê word, is dit tog ’n oop vraag of die NHKA nog ’n kerk is. Professor HG van der Westhuizen oordeel dat hulle hoogstens ’n genootskap is. Dit, onder andere, vanweë die feit dat die NHKA se sogenaamde "top-struktuur" dit toelaat of aanvaar dat stellings in die kerklike kring gemaak word wat sowel die Skrif as die Belydenisskrifte weerspreek. Daarby wend die top-struktuur, so vêr vasgestel kan word, geen poging aan om dergelike stellings teen te spreek nie. Die volgende soort stellings word glo deur Bybelwetenskaplikes en ander geleerdes in en om die NHKA gemaak :

- dat die Bybel slegs mensewoorde oor God is en nie die Woord van God nie,
- dat Jesus se maagdelike geboorte fiksie is,
- dat Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood ’n onmoontlikheid is en
- dat Jesus niks meer as ’n Joodse wysheidsleraar was nie.

Indien dit so is, is die NHKA, ondanks sy geskiedenis, nie meer ‘n struktuur wat as ‘n kerk, in die gewone sin van die woord, beskryf kan word nie. Die genoemde stellings kom tog neer op ’n verwerping van die geloof dat Jesus die Christus is, die ewige Seun van God wat mens geword het, soos die Skrif en die kerklike leer Hom aan ons voorstel.

Die Bondsgemeentes se protes teen Besluit 54 van die 69e Algemene Kerkvergadering van 2010 het deur die NHKA se aanvaarding van die verwerping van Jesus as die Messias, op die agtergrond geraak. In vergelyking met die bogenoemde misvattings, is die stelling dat die mens skynbaar sondermeer God se beeld in hom het, maar ‘n amateuragtige kettery. Daarby lyk dit ook nie of die verwerping van die belydenis dat Jesus die ewige Seun van God is, deur ’n enkelvoudige protes reggestel kan word nie en nog minder deur die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. So lyk dit of daar alleen met groot moeite ’n basis vir gesprek van die NHKA met die Bondsgemeentes gevind sal kan word. Iets soos " ’n pad terug vir die Bondsgemeentes" bestaan nie meer nie, want ’n leerstellige basis, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid, op grond waarvan ’n gesprek

gevoer sou kan word, het skynbaar geen bestaansreg meer in die NHKA nie.

2. Die Plek en Posisie van die Christelike Vereniging.

Miskien is dit nodig om net weer die ontstaansgeskiedenis van die "Christelike Vereniging" te noem. Die struktuur is ook geskep as 'n reaksie teen die gerugte, verklarings en dreigemente van owerheidspersone en woordvoerders wat die gedagte gepropageer het dat ook kerklike eiendomme geteiken en gekonfiskeer moet word op grond van die standpunt dat alle grond in Suid-Afrika aan die "*people*" sou behoort. Daardie ideaal is al deur Lenin bepleit met sy bekende stelling: "Eiendom skep verdeeldheid, private besit is gelyk aan roof en diefstal".

Om die beslaglegging op gemeentelike eiendomme te voorkom of te bemoeilik, is geoordeel dat dit voordelig kan wees om die besit van die stoflike bates deur die gemeente te verskans deur:

- 'n vereniging te stig waarvan die lede almal lidmate van die gemeente sou wees en om dan die stoflike bates van die gemeente aan daardie vereniging oor te dra,
- so sal die gemeente wat primêr 'n geloofsgemeenskap is, geen stoflike bates hê nie,
- maar die bates wat oorgedra is aan die vereniging sal aan die gemeente vir gebruik beskikbaar gestel word.

In Meyerspark-gemeente is die besluit om so 'n vereniging te stig met 'n oorweldigende meerderheid geneem op 'n behoorlik gekonstitueerde gemeente-vergadering waar die hele saak sorgvuldig uitgelê is. Aangesien die eiendom van die gemeente in naam van die gemeente getransporteer was, was die Gemeentevergadering die enigste regspersoon wat aansoek kon doen en gedoen het, om die stoflike bates van die gemeente aan die Christelike Vereniging oor te dra.

Die Christelike Vereniging is deur die Gemeentevergadering in die lewe geroep en bestaan uit gelowiges wat deel van die gemeente is en by die Vereniging aangesluit het. Die ideaal is dat al die lidmate van die gemeente by die vereniging sal aansluit.

So is die Gemeentevergadering wat 'n byeenkoms van gelowiges is wat 'n geloofs-gemeenskap vorm, losgemaak van sy betrokkenheid by stoflike aangeleenthede. Daardie taak is oorgedra aan die Christelike Vereniging.

Die doel was inderdaad om die stoflike bates van die gemeente vir die gebruik van die gemeente beskikbaar te hou. Die gemeente het immers destyds, na die normale gebruik dwarsdeur die kerk, daardie bates self sonder die hulp van ander instansies bekom en ontwikkel vir gebruik deur die gemeente.

Dat die gemeente die enigste eienaar van die gemeentelike bates was, word bewys deur kaart en transport wat die gemeente besit ten opsigte van die kerkerf waarop die kerkgebou, saal en pastorie gebou is. As selfstandige regspersoon (vergelyk NHKA se Kerkorde, Ordinansie. 4.1.16, 4.4.2.vi en vii.,) het die Gemeentevergadering die volste reg om bates van die gemeentes te vervreem indien nodig.

Indien die Algemene Kerkvergadering se Kommissie nou aanspraak maak op mede-eienaarskap of eksklusiewe eienaarskap van die gemeentelike eiendomme, dan is die vraag waar daardie reg in die Kerkorde verwoord word.

Die NHKA waarvan die gemeentes deel was vanweë die reël van die eenheid van geloof wat lei tot eenheid van organisasie, was primêr 'n gemeenskap van gelowiges gewees. As dan gelet word op artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, is die plaaslike gemeente die (enigste) verskyningsvorm van die kerk.

Die vergaderings van ampsdraers is presies dit en niks meer nie. Hulle is nie 'n verskyningsvorm van die kerk nie en ook nie verteenwoordigend van die kerk nie en ook nie die "baas" van die kerk nie. Immers Jesus Christus is, volgens die leer van die kerk, die enige Hoof en Heer van die kerk. Die ampsdraers is dienaars wat 'n opdrag

van Christus het, naamlik om die gemeente te versorg totdat Hy weer na die aarde terugkeer. Hier kan gerus gelet word op die aanhef van Ordereël 2 van die Kerkorde van die NHKA: ”Ampte is gawes en dienste waardeur God mense wat Hy in en deur Christus verlos het tot geloof in Hom bring. Deur die ampte rus Hy die gelowiges toe vir hulle dienswerk in die wêreld en vir die opbou van die kerk tot die werklike eenheid in Christus.” Die ampte het ’n geestelike taak. **Omdat hulle hul nie soos goeie skoenmakers by hulle lees gehou het nie, het die NHKA verdwaal en is daardie kerk in die toestand waarin hy is**. Interessant dat die NHKA se ampsdraers nou hofsake wil maak om stoflike bates te bekom (waaroor hulle vroeër nooit enige seggenskap geëis het nie) terwyl hulle hul nie steur aan die werklikheid dat die geloofswaarhede (waaroor hulle wag moet staan en waarvoor die NHKA as kerk vroeër gestaan het) nou in sy eie kring afgewys en bespot word.

In ’n betreklike sin is, met die stigting van die Christelike Vereniging, die “bestaande bates van die gemeente buite die beheer van die Gemeentevergadering gestel.” Maar aangesien die Christelike Vereniging deur die gemeente geskep is, is die bates nog steeds onder die beheer van die gemeente, omdat :

- die lede van die Christelike Vereniging ook lidmate van die gemeente is en moet wees,
- die leiding van die Christelike Vereniging in die hande van lidmate van die gemeente is wat kundiges ten opsigte van die beheer, benutting en in stand hou van die stoflike bates van die gemeente insluit,
- die gemeente self op enige tyd wanneer dit nodig is, die taak van die Christelike Vereniging kan oorneem.

Nou is dit waar dat daar gevare in so ’n bedeling dreig. Maar dit is vanselfsprekend in <u>enige</u> bedeling waarby die mens gemoeid is. Immer die Heidelbergse Kategismus leer ons nadruklik in sy les op Sondag 2 dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Alle dinge kan verkeerd loop as die mens ’n ander koers wil loop as dit wat die Skrif ons voorhou. As die NHKA die pad van die geloof met so ’n flinke links-omkeer kan verlaat en daarin kon slaag om **vanaf 1992 al meer as 50 000 belydende lidmate uit die NHKA te verwilder,** sal die Bondsgemeentes seker ook nie daarop kan reken dat hulle ten alle tye op die regte pad sal bly nie.

Maar dit kan ook gestel word dat die Bondsgemeentes in hierdie omstandighede slegs ’n organisatoriese aanpassing gemaak het om in veranderde tydsomstandighede nog voort te gaan met die najaag van die doelwitte wat deur Skrif en Belydenis aan die gelowiges voorgehou word.

Dit is min of meer op dieselfde vlak as die besluit, enkele jare gelede in die NHKA, om die Ouderlingvergadering as ’n afsonderlike vergadering weer te laat herleef sodat dit langs die Diakensvergadering as ’n selfstandige vergadering sou funksioneer. Dit het meegebring dat die ouderlinge al gaande met meer toegespitste aandag aan hulle eie roeping en taak in die gemeente gewerk het. In die Kerkraadsvergaderings moes hulle aan soveel ander sake, wat nie spesifiek deel van hulle dienswerk was nie, aandag gee dat hulle nie altyd hulle volle aandag aan hulle spesifieke dienswerk kon gee nie.

Iets van dieselfde aard het nou gebeur: die geloof- en geestelik-bepaalde dienswerk van die Gemeentevergadering is geskei van die stoflik-bepaalde dienswerk van die Christelike Vereniging. Maar beide vergaderings het dieselfde doelwit: die opbou van die gemeente. Maar dit is ook so dat die Christelike Vereniging buite die jurisdiksie van die bestaande vergaderings van die ampte van die NHKA funksioneer. Miskien kan verwys word na die NHSV wat langs die vergaderings van die NHKA werk en wat as selfstandige regspersoon haar eie finansiële sake en bates hanteer.

Die moontlike skakeling en die verhouding tussen die twee vergaderings, naamlik die Gemeentevergadering en die Christelike

Vereniging, moet seker verder uitgepluis en uitgebrei word. Die belangrike saak is: beide vergaderings, met prakties dieselfde lede, dien dieselfde doel en dit is die op- en uitbou van die plaaslike gemeente en so die uitbou van God se ryk op aarde. Elk doen dit op eie manier naamlik; die Gemeentevergadering op die geloofs- en leervlak en die Christelike Vereniging op die stoflike vlak.

3. <u>Enkele praktiese argumente</u>.

In ’n sekere sin kan mens dit ook oorweeg dat hier geworstel word met die werklikheid dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat (soos die Kategismus dit stel) of dat die Afrikaner van nature ’n beterweter is dat elke Afrikaner alles beter weet as al die ander mense (soos Langenhoven dit gestel het). As dit in ag geneem word, dan is die werklikheid dat ’n Gemeentevergadering en ’n Christelike Vereniging, elk met sy eie werksterrein nooit as ’n span sal kan of wil saamwerk in ’n gemeente nie.

Aan die ander kant is daar tog ’n analogie vir die Christelike Vereniging - al moet ons daarvoor na die verlede teruggaan. Met die oorweging van ’n struktuur soos die Christelike Vereniging, is daar ook gekyk na die Nederlandse Hervormde Kerk se instelling van ’n Kerkvoogdy. Baie kortliks kan slegs die volgende opgemerk word: Die Kerkvoogdy in Nederland was ’n aparte liggaam saamgestel uit vooraanstaande lidmate en ouderlinge om die stoflike besittings en verpligtings in en van die gemeente te bestuur. Maar in Nederland was die Kerkvoogdy deel van die struktuur van die ampsvergaderings: Kerkraad, Klassis en Sinodale vergaderings.

Tog lyk dit moontlik om die Christelike Vereniging se bestaan as ’n variasie van die Kerkvoogdy-begrip te regverdig. Dit veral vanweë die opdrag aan die Kerkvoogde om soos vaders te waak oor die stoflike belange van die gemeente. Die taak van die Nederlandse Kerkvoogde was kortliks :

- die vasstel van die stoflike behoeftes van die gemeente,
- die insameling van gawes en die verhuur van sitplekke --- wat in Nederland algemeen is,
- die vasstel van die aandeel van lede van die gemeente ten opsigte van die laste van die gemeente en die vasstel van elke lidmaat se vrywillige en verpligte bydrae,
- die beheer van die kerkgeboue en eiendomme van die gemeente en sy ander stoflike belange,
- in standhou van die gemeentelike registers: doop-, lidmaat-, trouboeke en dies meer.

Dit is maar min of meer die taak van elke Finansiële Kommissie. Daar kan selfs die argument geloods word dat die Christelike Vereniging slegs die Finansiële Kommissie vervang en omdat sy lede dieselfde mense is as die lidmate van die gemeente is die Christelike Vereniging van dieselfde gesindheid ( = eenheid van die geloof!) as die Gemeentevergadering.

Dan kan aan ’n verdere moontlike analogie gedink word: die NHKA het vanaf die vyftigerjare ’n Raad van Finansies in sy topstruktuur by die Kerkkantoor gehuisves. Daardie Raad het al die finansiële besluite van en die beleid van die Algemene Kerkvergadering bepaal. Sou dit soveel verskil van die Christelike Vereniging op gemeentelike vlak ?

Dit wil tog lyk asof die Christelike Vereniging wat gestig is om die stoflike bates oftewel die gemeentelike eiendomme en finansies op ’n verantwoorde manier te bewaar en te bestuur, tot voordeel van die gemeente kan en sal wees. In ieder geval in ons dae lê die grootste bedreiging vir die vooruitgang van die Evangelie en die opbou van die gemeente nie juis op die stoflike vlak nie, maar op die vlak van die geloof waar die Algemene Kerkvergadering klaarblyklik ’n ander evangelie navolg as die Bybelse Woord van God.

A D Pont.

9 Mei 2015.